Lux Mundi Gemeente

EREDIENSTE



REËLINGS MET BETREKKING TOT PRESIDENT CYRIL RAMAPHOSA SE AANKONDIGING OP 26 MEI DAT KERKE IN GROEPE VAN 50 OF MINDER MAG ONTMOET.

Geliefdes

Met die aanvang van die COVID-19 pandemie het ons die eredienste en alle gemeenteaktiwiteite op die kerkterrein kanselleer. Ons het ons teologiese refleksie hieroor gegrond op naasteliefde en lydsaamheid tesame met die groter geheel (1 Korintiërs 12:26 & Romeine 8:26).

Aan die begin van die pandemie het ons onderskei dat, hoewel die eredienste en gemeenteaktwiteite nie meer op die kerkperseel plaasvind nie, ons nie *minder* nie maar *meer* kerk gaan wees.

Baie water het sedertdien in die see geloop!

Ons gemeente ontmoet gereeld virtueel op verskeie platforms. Die eredienste word baie goed ondersteun omdat ons geloofsgemeenskap oor die algemeen toegang tot tegnologie het. Dié wat nie op hierdie manier kan inskakel nie word ondersteun op verskeie ander maniere.

Kleingroepe, Bybelstudies, berading en ander geloofsgemeenskapsaksies word deur die Gees van God *beweeg* in hierdie tyd.

Dit is nie altyd maklik nie en ons mis dit om “saam” te kan wees. Maar ons probeer om die beste van hierdie ongewone situasie te maak.

Op 26 Mei het die president aangekondig dat geloofsgemeenskappe tydens vlak 3 weer byeen mag kom, maar in groepe van nie meer as 50 mense op ’n keer nie. Dié besluit is as toegewing gemaak nadat godsdienstige gemeenskappe vir so ’n toegewing gevra het.

As Gemeenteraad onderstreep ons weer dieselfde beginsels wat aan die begin van hierdie pandemie gegeld het. Ons onderskei dat dit van kardinale belang is om in hierdie tyd ons naaste lief te hê soos onsself (Markus 12:29-31). Dit beteken dat ons

as dienaars selfopofferende besluite maak om ander te dien en in eenheid saamleef. Soos die pandemie ontvou, is dit ook belangrik dat ons dink aan ons getuienis teenoor die breër Suid Afrikaanse gemeenskap. Dit beteken dat ons van ons regte en voorregte inboet. In 'n tyd soos hierdie is dit belangrik om te onderskei dat dit wat wettig is, nie noodwendig noodsaaklik of bedagsaam is in ons konteks nie. Ons dink hier aan Paulus se woorde aan die gemeente in Korinte, "*Alles is my geoorloof, maar nie alles is nuttig nie*" (6:12).

Daarom het die Gemeenteraad besluit dat ons nie in Junie die byeenkomste by die gemeente gaan hervat nie. **Ons sal in Julie hierdie besluit heroorweeg**.

Tshwane is as een van die "hotspots" van dié pandemie geoormerk en ons gevoel is dat ons nie verspreiders van hierdie virus wil wees nie.

Waaraan ons onsself wél wil toewy, is om midde-in hierdie pandemie die uitnodiging te aanvaar om *nie minder nie, maar meer kerk te wees*. Ons glo dat ons in hierdie tyd op unieke maniere kan herontdek wat dit beteken om as dissipels van Jesus te leef. Ons is nog nie klaar met hierdie lesse nie.

Ons is bewus dat hierdie besluit vir sommige gemeentelede moeilik gaan wees; inderdaad sal sekere gemeentes in ons omgewing besluit om wel hul dienste te hervat.

Sou net 'n sekere aantal mense die dienste mag bywoon, sluit dit baie ander en weerloses uit wat juis "deel wil voel" en "mense wil sien"; daarom wil ons die gebou eers weer heropen wanneer dit vir **almal** veilig en toeganklik gaan wees.

Ons beroep egter ons gemeentelede om:

a) oor maniere van kerkwees te herbesin, is jy ingeskakel by 'n Groeigroep, kan julle met tegnologie bly byeen kom? Watter ander behoeftes het julle spesifiek nou? (kommunikeer direk met ons dat ons jou kan help).
b) nuwe maniere om God en mense lief te hê te ontdek, en
c) in eenheid, saam as gemeente by die besluit te staan, omdat elke lewe vir ons kosbaar is.

Ons nooi weer elke gemeentelid uit om op Sondae by ons eredienste op YouTube, Facebook en ons MP3 kanale dienste te volg. Kom ons ondersteun en neem so deel aan ons gemeente vir ons so lief is.

Ons bid elke dag vir jou, genade en vrede vir almal namens die Gemeenteraad

Dr. Johan Taute - 083-608-4111 - jtaute@luxmundi.org.za

Dr. Sebastiaan van Dyk - 079-499-8790 - svandyk@luxmundi.org.za

Ds. Frikkie Coetzee - 083-222-6017 - fcoetzee@luxmundi.org.za